
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2025

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*JHISTA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye
en 'n addendum van 14 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: UITDAGINGS WAT KONGO NA ONAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

   VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae, in hierdie afdeling nie. Die bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) PROBEER OM DIE VERSPREIDING VAN KOMMUNISME IN EUROPA IN DIE 1940's TE STUIT?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wat, volgens die bron, het Kennan in die *Long Telegram* uiteengesit? (1 x 2) (2)

1.1.2 Waarom, volgens die bron, was daar die nodigheid aan 'n inperkingsbeleid? (1 x 2) (2)

1.1.3 Verduidelik die term *inperkingsbeleid* in die konteks van die Koue Oorlog. (1 x 2) (2)

1.1.4 Waarom dink jy het Keenan inperking in plaas van konfrontasie teenoor die Sowjetunie verkies? (1 x 2) (2)

1.1.5 Verduidelik waarom die VSA 'n proaktiewe standpunt teen kommunisme ingeneem het. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Watter TWEE lande was volgens die bron bedreig? (2 x 1) (2)

1.2.2 Haal enige TWEE tipes bystand aan wat Truman die kabinet versoek het om te bemagtig. (2 x 1) (2)

1.2.3 Verduidelik wat bedoel word met die stelling: 'as Griekeland onder die beheer van 'n gewapende minderheid sou val, sou die effek op sy buurland, Turkye, onmiddellik en ernstig wees.' (1 x 2) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar op die stelling: 'die saad van totalitêre regimes word gekoester (ontwikkel) deur ellende en gebrek.' (1 x 2) (2)

1.2.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron aan 'n historikus wat die VSA se inperkingsbeleid navors. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Haal TWEE probleme uit die bron aan wat deur die Marshall-plan aangespreek is. (2 x 1) (2)

1.3.2 In watter lande, volgens die bron, het die kommuniste stakings teen die regering georganiseer? (2 x 1) (2)

1.3.3 Waarom dink jy het die Sowjetunie die Marshall-plan verwerp? (1 x 2) (2)

1.3.4 Definieer k*ommunisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Watter boodskappe word in die bron oorgedra? (2 x 2) (4)

1.4.2 Lewer kommentaar op die nuwe buitelandse beleid wat deur die VSA geïmplementeer was. (1 x 2) (2)

1.5 Verwys na Bron 1B en Bron 1D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1D die inligting in Bron 1B rakende die inperkingsbeleid van die VSA ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die VSA gepoog het om die verspreiding van kommunisme in Europa in die 1940's te stuit. (8)

**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE UITBREEK VAN DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA IN 1975 BYGEDRA?**

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Noem die DRIE Angolese nasionalistiese leiers wat die Alvor Ooreenkoms onderteken het. (3 x 1) (3)

2.1.2 Wanneer, volgens die bron, was die Onafhanklikheidsdatum? (1 x 1) (1)

2.1.3 Watter rol, volgens die Alvor Ooreenkoms, sou Portugal speel? (2 x 1) (2)

2.1.4 Waarom, dink jy het die nasionaliste ooreengekom om hulle militêre posisies vanaf Januarie 1975 te vries? (2 x 2) (4)

2.1.5 Lewer kommentaar op die stelling: 'op 31 Januarie 1975 het die nuwe oorgangsregering die amp in 'n klimaat vol agterdog en wantroue oorgeneem.' (1 x 2) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Definieer die term *burgeroorlog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.2 Waarom, volgens die bron, het die CIA die FLNA ondersteun? (1 x 2) (2)

2.2.3 Hoekom dink jy het buitelandse lande by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak? (2 x 2) (4)

2.2.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron aan 'n historikus wat die Angolese Burgeroorlog bestudeer. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Waarom was hierdie foto gepubliseer? (1 x 2) (2)

2.3.2 Verduidelik die impak van die Kubaanse betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog. (1 x 2) (2)

2.4 Vergelyk Bron 2B en Bron 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die inligting in Bron 2B rakende die betrokkenheid van buitelandse moondhede in die Angolese Burgeroorlog ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5 Lees Bron 2D.

2.5.1 Noem die TWEE lande wat tot die lyding van UNITA bygedra het. (2 x 1) (2)

2.5.2 Wat, volgens die bron, was die reaksie van die CIA en die Verenigde State van Amerika op UNITA se situasie? (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5.3 Verduidelik waarom Jonas Savimbi sy familie en die families van sy kollegas, Zambië toe gestuur het? (1 x 2) (2)

2.5.4 Verduidelik die term *guerilla-oorlogvoering* in die konteks van UNITA se deelname in die Angolese Burgeroorlog. (1 x 2) (2)

2.5.5 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom Jonas Savimbi en die Politieke Buro van die Sentrale Komitee van UNITA dankbaar was teenoor Zambië. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) waarin jy verduidelik watter faktore tot die uitbreek van die burgeroorlog in Angola in 1975 bygedra het. (8)

**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE TYDENS DIE INTEGRASIE VAN *CENTRAL HIGH SCHOOL* IN 1957 ERVAAR?

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Wat, volgens die bron, was die rede waarom Faubus die troepe uitgeroep het? (1 x 2) (2)

3.1.2 Definieer die term *Little Rock Nege* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Waarom, volgens die bron, het die burgers van Little Rock op 3 September vergader? (1 x 2) (2)

3.1.4 Wat is geïmpliseer deur die stelling: 'bloed sal in die strate loop as Neger*-leerlinge in *Central High School* geïntegreer moet word.' (2 x 2) (4)

3.1.5 Lewer kommentaar op die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat integrasie by *Central High* navors. (2 x 2) (4)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Hoe, volgens die bron, het die Little Rock Nege vir die eerste skooldag by *Central High School* aangekom? (2 x 1) (2)

3.2.2 Waarom, volgens die bron, het die polisie die nege Swart-Amerikaanse studente op 23 September die skool inbegelei? (1 x 2) (2)

3.2.3 Verduidelik waarom die Arkansas Nasionale Wag die Little Rock Nege verhoed het om *Central High* binne te gaan. (1 x 2) (2)

3.2.4 Hoekom dink jy het President Eisenhower die Amerikaanse Weermag se 101$^{ste}$ Lugtransport-divisie na *Central High School* gestuur? (1 x 2) (2)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskappe word in hierdie foto uitgebeeld? (2 x 2) (4)

3.3.2 Waarom was hierdie foto gepubliseer? (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Wat, volgens die bron, het Elizabeth Eckford ervaar toe sy uit die bus klim? (2 x 1) (2)

3.4.2 Hoekom, volgens die bron, het Elizabeth Eckford na *Central High School* gegaan? (1 x 2) (2)

3.4.3 Lewer kommentaar op die stelling: ‘Kry ’n tou. Sleep haar oor na hierdie boom! Kom ons reken met die neger* af’. (1 x 2) (2)

3.4.4 Waarom dink jy het Grace Lorch, Elizabeth Eckford van die skare gered? (1 x 2) (2)

3.4.5 Verduidelik wat Grace Lorch bedoel het met die stelling: ‘ses maande van nou af, sal julle jul koppe in skaamte laat sak’. (1 x 2) (2)

3.5 Vergelyk Bron 3C en Bron 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3D die inligting in Bron 3C rakende die gebeurtenisse van 4 September 1957 ondersteun. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) en verduidelik watter uitdagings die Little Rock Nege tydens die integrasie van *Central High School* in 1957 ervaar het. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie.

Jou opstel moet ten minste DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die taktiek wat die Verenigde State van Amerika (VSA) teen die Viëtkong tussen 1960 en 1975 gebruik het, het hulle nie gehelp om die Viëtkong tydens die Viëtnamese oorlog te verslaan nie.

Stem jy saam met die stelling? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Mobutu Sese Seko se politieke en ekonomiese beleide, wat bekend gestel was in die nuut onafhanklike Kongo in die vroeë 1960's, was deur alle Kongolese verwelkom.

Bespreek hierdie stelling krities. Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging-filosofie vertroue by Afro-Amerikaners ingeboesem het om diskriminasie in die Verenigde State van Amerika (VSA) vanaf die 1960's tot die 1970's uit te daag.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou